**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE PORTEFEULJEKOMITEES VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU IN DIE MALMESBURY BANKETSAAL OP DINSDAG, 6 SEPTEMBER 2011 OM 15:00**

**- ADMINISTRASIE EN FINANSIES -**

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE:**

Voorsitter, rdh N J A Rust
Ondervoorsitter, rdl M Van Zyl

| | |
|---|---|
| Abrahams, M Z | Hunsinger, C H H |
| Cloete, C M | Stemele, O M |
| Goliath, M S I | Van der Westhuizen, R F |
| Humphreys, F S | Wilskut, W |

**BEAMPTES:**

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me R J Pretorius

## 1. OPENING / VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die Voorsitter heet almal welkom en rdl C H H Hunsinger open met gebed. Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle B W Geel, J I van der Merwe en die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen.

## 2. NOTULES

### 2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING (ADMINISTRASIE EN FINANSIES) GEHOU 5 AUGUSTUS 2011

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl R F van der Westhuisen, gesekondeer deur rdl W Wilskut)

Dat die notule van 'n Portefeuljekomiteevergadering (Administrasie en Finansies) gehou op 5 Augustus 2011 as korrek bekragtig word onderhewig aan die volgende wysiging:

- dat rdle C M Cloete en F S Humphreys wel teenwoordig was by die vergadering.

## 3. AFVAARDIGINGS/OORHANDIGINGS/VOORLEGGINGS

### 3.1 SKRYWES VAN DANK EN WAARDERING AAN MUNISIPALITEIT SWARTLAND

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van skrywes van dank en waardering ontvang gedurende die afgelope maand.

**4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

**5. GEDELEGEERDE SAKE**

**5.1 MAANDVERSLAE (KWARTAALVERSLAG VIR APRIL TOT JUNIE 2011 INGESLUIT)**

**5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER: KWARTAALVERSELAG & MAANDVERSLAG (JULIE 2011)**
**5.1.2 KORPORATIEWE DIENSTE: KWARTAALVERSLAG & MAANDVERSLAG (JULIE 2011)**
**5.1.3 FINANSIËLE DIENSTE: KWARTAALVERSLAG & MAANDVERSLAG (JULIE 2011)**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl M S I Goliath, gesekondeer deur rdl C H H Hunsinger)

Dat kennis geneem word van die maandverslag vir Julie 2011, sowel as kwartaalverslag vir April tot Junie 2011 van onderskeidelik die Munisipale Bestuurder, die Direktoraat Korporatiewe Dienste en die Direktoraat Finansiële Dienste.

**6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

**6.1 SONDEZA AFRI-JEUGKAMP 2010: SKENKING UIT DUITSLAND (17/2/2/1)**

'n Duitse skolier, Max Wehrmann was deel van die Duitse-afvaardiging wat die Sondeza Jeugkamp te Ganzekraal in Desember 2010 bygewoon het. As deel van die program het die groep Ilinge Lethu besoek, wat 'n besoek aan 'n crèche in hierdie woonbuurt ingesluit het. Die omstandighede van die kinders het mnr Wehrmann aangeraak en is, bowenal, 'n positiewe uitkyk op die lewe by die kinders opgemerk.

Na 'n fondsinsameling gehou deur Max se skool in Duitsland is 3 kartonne speelgoed (legkaarte, kryte, speletjies ens.) na die Ilinge Lethu Thusong sentrum versend. Die Duitse-uitruilstudent wat werksaam was by die sentrum, het 'n speelgroepie begin met omtrent 20 kinders (ouderdom 8 tot 15) asook 'n crèche (ouderdom 1 ½ jaar tot 5) waar die kinders dan met die speelgoed kon speel.

**AANBEVELING**
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl M Van Zyl)

(a) Dat die Raad kennis neem van die skenking vanaf die Sondeza deelnemer as een van die positiewe uitkomste van die Sondeza Afri-Jeugkamp; en

(b) Dat die Raad kennis neem van die verslag van Max Wehrmann aangaande die Sondeza Afri-Jeugkamp.

**6.2 TYDELIKE SLUITING VAN SWARTLAND BIBLIOTEKE: 3 TOT 6 OF 7 OKTOBER 2011 (9/1/2/1 EN 17/8/R)**

Alle biblioteke in die regsgebied van Swartland Munisipaliteit gaan vanaf die PALS elektroniese uitleenstelsel oor na 'n nuwe stelsel, genaamd SLIMS. Hierdie stelsel word voorgeskryf deur die Wes-Kaapse Biblioteekdiens en is alle munisipaliteite in die Wes-Kaap besig om te migreer na die nuwe stelsel.

Drie van die biblioteke, nl. Riebeek-Wes, Riebeek Kasteel en Darling Noord sal vir die eerste keer oorgaan na 'n elektroniese stelsel en moet die nodige infrastruktuur geïnstalleer word. Chatsworth biblioteek sal egter bly op die handmetode, aangesien die infrastruktuur wat nodig is vir 'n elektroniese stelsel nog nie bestaan in die gebied nie, maar poog ons om in April 2012 te rekenariseer.

AANBEVELING/...

6.2/...

**AANBEVELING**
(op voorstel van rdl M S I Goliath, gesekondeer deur rdl Z M Abrahams)

(a) Dat kennis geneem word dat die biblioteke tydelik gesluit word vir die publiek vir die nodige opleiding en migrasie soos volg:

- Malmesbury biblioteek - gesluit 3, 4 en 5 Oktober
- Wesbank, Moorreesburg, Darling Noord en Suid, Riebeek-Wes en Riebeek Kasteel biblioteke - gesluit 3, 4, 5 en 6 Oktober
- Chatsworth biblioteek - gesluit 3 en 4 Oktober

(b) Dat 'n kennisgewing oor die voorgenome tydelike sluiting in die pers geplaas word en ook by die biblioteke aangebring sal word; en

(c) Dat Chatsworth biblioteek heropen op 5 Oktober; Malmesbury biblioteek op 6 Oktober en die ander biblioteke op 7 Oktober 2011.

**(GET) N J A RUST**
**VOORSITTER**

**- SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE -**

**TEENWOORDIG**:

**RAADSLEDE**:

Voorsitter, rdl O M Stemele
Ondervoorsitter, rdl A C Sedeman

| | |
|---|---|
| Abrahams, Z M | Papers, H |
| Fortuin, C | Rust, N J A |
| Goliath, M S I | Van Zyl, M |
| Hunsinger, C H H | Zatu, N S |
| McKrieling, H | |

**BEAMPTES**:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me R J Pretorius

**1. OPENING / VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Die Voorsitter heet almal welkom. Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdh A Johnson en rdl J I van der Merwe sowel as die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen.

**2. NOTULES**

**2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING (SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE) GEHOU 5 AUGUSTUS 2011**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl C H H Hunsinger)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Siviele- en Elektriese Dienste) gehou op 5 Augustust 2011 as korrek bekragtig word onderhewig aan die volgende wysiging:

- dat rdl C H H Hunsinger wel teenwoordig was by die vergadering.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS**

Geen

**4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

**5. GEDELEGEERDE SAKE**

**5.1 MAANDVERSLAE (KWARTAALVERSLAG VIR APRIL TOT JUNIE 2011 INGESLUIT)**

**5.1.1 SIVIELE INGENIEURSDIENSTE: KWARTAALVERSLAG & MAANDVERSLAG (JULIE 2011)**

**5.1.2 ELEKTRIESE INGENIEURSDIENSTE: KWARTAALVERSLAG & MAANDVERSLAG (JULIE 2011)**

BESLUIT

5.1/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl M Van Zyl)

Dat kennis geneem word van die maandverslag vir Julie 2011, sowel as kwartaalverslag vir April tot Junie 2011 van onderskeidelik die Direktoraat Siviele Ingenieursdienste en Direktoraat Elektriese Ingenieursdienste.

**6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

Geen

**(GET) OM STEMELE**
**VOORSITTER**

**- ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE -**

**TEENWOORDIG**:

**RAADSLEDE**:

Voorsitter, rdl R F van der Westhuizen
Ondervoorsitter, rdl W Wilskut

| | |
|---|---|
| Goliath, M S I | Philander, D B |
| Hunsinger, C H H | Sedeman, A C |
| McKrieling, H | Sneewe, A M |
| Papers, C H | Stanley, B J |

**BEAMPTES**:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Komiteebeampte, me R J Pretorius

**1. OPENING / VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Die Voorsitter heet almal welkom. Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdh A Johnson en rdle B W Geel en J I van der Merwe sowel as die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen.

**2. NOTULES**

**2.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING (ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE) GEHOU 5 AUGUSTUS 2011**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl M S I Goliath, gesekondeer deur rdl w Wilskut)

Dat die notule van ‘n Portefeuljekomiteevergadering (Ontwikkeling- en Beskermingsdienste) gehou op 5 Augustus 2011 as korrek bekragtig word.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS**

Geen

**4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen

**5. GEDELEGEERDE SAKE**

**5.1 MAANDVERSLAE (KWARTAALVERSLAE INGESLUIT)**

**5.1.1 ONTWIKKELINGSDIENSTE: MAANDVERSLAG (JULIE 2011)**
**5.1.2 BESKERMINGSDIENSTE: KWARTAALVERSLAG**
**5.1.3 BESKERMINGSDIENSTE: MAANDVERSLAG (JULIE 2011)**
**5.1.4 MUNISIPALE POLISIEDIENSTE: MAANDVERSLAG (JULIE 2011)**
**5.1.5 BRANDBESTRYDING**: **MAANDVERSLAG (JULIE 2011)**

BESLUIT/...

5.1/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl D B Philander)

Dat kennis geneem word van die maandverslag vir Julie 2011, sowel as kwartaalverslag vir April tot Junie 2011 onderskeidelik van die Direktoraat Ontwikkelingsdienste en die Direktoraat Beskermingsdienste.

## 6. SAKE VIR AANBEVELINGS AAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

### 6.1 VOORGESTELDE WYSIGING VAN GOEDKEURINGVOORWAARDES RAKENDE DIE HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN DIE PLAAS TYGERFONTEIN NO 564, AFDELING MALMESBURY (15/3/6-15 EN 15/3/3-15)(WYK 5)

Die hersonering en onderverdeling van die restant van die plaas Tygerfontein no 564, Afdeling Malmesbury vir 'n oordontwikkeling is deur die Raad goedgekeur op 9 November 2005 onderhewig aan, onder andere, die volgende voorwaarde:

"...B(4) dat die voorgestelde noodpad wat Yzerfontein en die plaas Tygerfontein no. 564 skakel, slegs vir nooddoeleindes gebruik sal word."

Die woonhuis voldoen aan die voorskrifte van die argitektoniese ontwerpshandleiding van die ontwikkeling soos goedgekeur deur die Raad op 16 Julie 2008 en daarna gewysig op 19 Mei 2010. Hierdie woonhuis dien as 'n skouhuis vir die oordontwikkeling.

Alvorens die konstruksiefase begin het was daar 'n versoek gerig deur die ontwerps-argitek van die oordontwikkeling om toestemming te verleen ten einde die "noodpad" te gebruik as 'n toegangspad tydens die konstruksiefase van die woonhuis. Die versoek is aangestuur aan die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning vir besluitneming.

Die kommentaar van die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning en Swartland Munisipaliteit is met die ontwerpsargitek gekommunikeer.

Tydens die konstruksiefase van die woonhuis en ingangshek het kontrakteurs en konstruksievoertuie steeds voortgegaan om toegang tot die plaas Tygerfontein te verkry via Yzerfontein dorpsgebied (Dasseneilandrylaan) en gebruik gemaak van die "noodpad" vir toegang tot die konstruksieperseel en nie van die formele toegang vanaf die Weskuspad(R27) nie.

Gevolglik word aansoek gedoen deur die eienaar Tygerfontein Estates Pty Ltd, ingevolge Artikel 42(a)(3) van Ordonnansie 15 van 1985 vir die wysiging van goedkeuringsvoorwaarde B(4) soos vervat in die Raadsbesluit gedateer 5 November 2005 rakende die hersonering en onderverdeling van die plaas Tygerfontein no 564, Afdeling Malmesbury. Dit sal verseker dat inwoners van Tygerfontein, hul bona-vide gaste, werknemers van die plaas Tygerfontein en enige gemagtigde diensteverskaffer van 'n inwoner, toegang tot die plaas kan verkry via Yzerfontein dorpsgebied (vanaf Dasseneilandrylaan).

**AANBEVELING**
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl D B Philander)

(a) Dat aansoek vir die wysiging van die goedkeuringsvoorwaarde B(4) soos vervat in die Raadsbesluit gedateer 5 November 2005 rakende die hersonering en onderverdeling van die plaas Tygerfontein no 564, Afdeling Malmesbury, ingevolge artikel 42(a)(2) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, soos volg:

"...Dat ***slegs inwoners,*** hul gaste, werknemers van die plaas Tygerfontein en gemagtigde diensteverskaffers beheerde toegang mag verkry na en van die plaas Tygerfontein vanaf die R27 en Yzerfontein dorpsgebied..."

(b) Dat die beswaarmakers tot hul reg tot appèl gewys word.

6.2 VOORGESTELDE/...

**6.2 VOORGESTELDE PLASING VAN ADVERTENSIEBORDE OP MUNISIPALE EIENDOM ERF 894, SOWEL AS PADRESERWE VAN HOOFPAD 215, DARLING (115/4/3) (WYKE 5 & 6)**

Mnr Ian Rosant van *Toucan Cape Promotions* het die Munisipaliteit genader om twee onbeligte advertensieborde op te rig by die ingange van Darling. Een van die borde word voorgestel op erf 892, 'n publieke oopruimte wat voorkom op die hoek van Hoof- en Kalkoentjiestraat en die ander word voorgestel in die padreserwe aan die noordekant van die hoofpad soos Darling vanaf Yzerfontein binne gery word.

*Toucan Cape Promotions* beoog om die advertensiespasie op die borde aan besighede in Darling te verkoop. Daar word ook beoog om 'n dorpskaart van Darling op die borde aan te bring.

Die voorgestelde grootte van die borde is 2400mm x 3000mm (7,2m²). Hierdie grootte sal hul instaat stel om 'n dorpskaart wat die hele dorp aandui op die bord voor te stel tesame met advertensies van die betrokke besighede in die dorp. Die ligging van die besighede word dan op die dorpskaart aangedui om so vir toeriste/besoekers 'n aanduiding te gee van die ligging van die besighede in Darling. Dit word voorgestel dat die borde monteer sal word op dik teerpale sowat 1,2m bokant die grond.

**AANBEVELING**[1]
(op voorstel van rdl C H H Hunsinger, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat die item terugverwys word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee vir heroorweging.

**6.3 AFWYKING ERF 3348, DARLING (15/4/2-3)(WYK 6)**

'n Bouplanaansoek is ontvang van die geregistreerde eienaar Mnr A Cassiem vir 'n aanbouing aan sy bestaande woning op erf 3348, geleë op die h/v Keurboom- en Disalaan, Darling. 'n Slaapkamer met 'n en-suite badkamer word voorgestel.

Die voorgestelde slaapkamer en en-suite badkamer oorskry die 2m straatboulyn tot op ±1m asook die 1m syboulyn (noordoostelike sygrens) tot ±0,75m. Die bouwerke is reeds ongemagtig voltooi.

Gevolglik doen die applikant aansoek om afwyking op erf 3348, Darling ten einde af te wyk van die 2m straatboulyn (Keurboomlaan) tot op ±1m asook die 1m syboulyn (noordoostelike sygrens) tot ±0,75m.

**AANBEVELING**
(op voorstel van rdl B J Stanley, gesekondeer deur rdl W Wilskut)

A Dat die aansoek om afwykings op erf 3348, Darling ten einde af te wyk van die 2m straatboulyn (Keurboomlaan) tot op ±1m asook die 1m syboulyn (noordoostelike sygrens) tot ±0,75m, in terme van artikel 15(1)(b) van Ordonansie 15 van 1985 afgekeur word, vir die volgende redes:

(a) erf 3348 beskik oor geen fisiese eienskappe wat bouwerke op die perseel nadelig kan beïnvloed nie;
(b) daar is voldoende spasie op die perseel sodat die voorgestelde bouwerke beplan en ontwerp kan word om nie enige boulyn afwykings tot gevolg te hê nie;
(c) daar is tans geen ander straatboulyn afwykings in Keurboom- en Disalaan nie. Gevolglik sal 'n presedent geskep word indien hierdie afwykings toegestaan word.

B Dat die ongemagtigde bouwerke gesloop word.

6.4/...

[1] Vervanging van aanbeveling – sien item 5.1.3(1) van UBK-notule gedateer 15 September 2011

**6.4 VOORGESTELDE HERSONERING, ONDERVERDELING EN KONSOLIDASIE VAN ERWE 317, 7455 EN 10426, MALMESBURY (15/3/3-8; 15/3/6-8 EN 15/3/4-8)(WYK 7)**

'n Aansoek is ontvang namens die eienaars Schoonspruit Country Estate, Malmesbury (Edms) Bpk vir die onderverdeling van erf 7455, geleë te Schoonspruitweg, Malmesbury.

Aansoek word ook gedoen vir die onderverdeling van erf 317, geleë te Schoonspruitweg, Malmesbury in twee gedeeltes naamlik 'n restant (groot ±411 005m²) en gedeelte B (groot ±1 231m²).

Gedeelte A (groot ±3 706m²) van erf 7455 en gedeelte B (groot ±1231m²) van erf 317 word aangebied vir konsolidasie asook gedeelte C (groot ±463m²) van erf 7455 word aangebied vir konsolidasie met erf 10432.

Aansoek word verder gedoen vir die hersonering van gedeelte A (groot ±3706m²) en gedeelte C (groot ±463m² van erf 7455 en gedeelte B (groot ±1231m²) van erf 317, na nywerheidsone.

Aansoek word verder gedoen vir die onderverdeling van die konsolideerde erf bestaande uit gedeelte A (groot ±3706m²) van erf 7455 en gedeelte B (groot ±1231m²) van erf 317, in twee gedeeltes naamlik gedeelte 1 (groot ±2818m²) en gedeelte 2 (groot ±2119m²).

**AANBEVELING**
(op voorstel van rdl A C Sedeman, gesekondeer deur rdl B J Stanley)

A Dat die aansoek om onderverdeling van erf 7455, geleë te Schoonspruitweg, Malmesbury ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 in 'n restant (groot ±154 446m²), gedeelte A (groot ±3 706m²) en gedeelte C (groot ±463m²) goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaarde:

(a) dat gedeelte C (groot ±463m²) gekonsolideer word met erf 10432;

B Dat die aansoek om onderverderling van erf 317, geleë te Schoonspruitweg, Malmesbury ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 in twee gedeeltes naamlik 'n restant (groot ±411 005m²) en gedeelte B (groot ±1 231m²) goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaarde:

(a) dat gedeelte A (groot ±3 706m²) van erf 7455 ekonsolideer word met gedeelte B (groot ±1 231m²);

C Dat die hersonering van gedeelte A (groot ±3 706m²) en gedeelte C (groot ±463m²) van erf 7455 asook gedeelte B (groot ±1 231m²) van erf 317, ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 na nywerheidsone goedgekeur word;

D Dat die onderverdeling van die konsolideerde erf bestaande uit gedeelte A (groot ±3 706m²) van erf 7455 en gedeelte B (groot ±1 231m²) van erf 317, ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 in twee gedeeltes naamlik gedeelte 1 (groot ±2 818m²) en gedeelte 2 (groot ±2 119m²) goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

**D1 STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER**

(a) dat bouplanne voorgelê word aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorweging vir toekomstige geboue op die nuutgeskepte erwe;

(b) dat 'n 6m reg-van-weg serwituut ten gunste van gedeelte 2 oor gedeelte 1 geregistreer word;

(c) dat die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeelte ingevolge artikel 31 van Ordonnansie 15/1985 magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die relevante voorwaardes voldoen is nie;

**D2 WATER**

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte wateraansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op bouplanstadium van toepassing;

**D3 RIOOL**

(a) dat die nuutgeskepte gedeeltes 1 en 2 nie by die bestaande rioolverspreidingsnetwerk aansluit nie. Die rioolverspreidingsnetwerk moet derhalwe uitgebrei word ten einde die onderverdeelde gedeeltes van rioolaansluitings te voorsien;

(b) dat die eienaar/ontwikkelaar 'n professionele persoon, toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van Wet 46 van 2000 aanstel vir die ontwerp van die verspreidingsnetwerk. Die ontwerp moet aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste voorgelê word vir goedkeuring en die professionele persoon moet toesig hou oor die aanbring van die verspreidingsnetwerk;

**D4 ELEKTRISITEIT**

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n afsonderlike elektriese aansluiting op koste van die eienaar/ontwikkelaar voorsien word;

(b) dat enige verskuiwings van elektriese kabels oor die betrokke onderverdeelde gedeelte verskuif sal word ten koste van die eienaar/ontwikkelaar;

(c) dat enige elektriese tussenverbinding geisoleer en ten volle verwyder sal word;

(d) dat die elektrisiteitaansluiting aan bestaande mediumspanning netwerk gekoppel sal word en dat die vooraf goedgekeurde ontwerp, die konstruksie en toesig onder leiding van 'n raadgewende ingenieur sal geskied;

(e) dat daar geen bestaande (laag- en mediumspanning) netwerk bestaan nie en dat die beplanning, ontwerp en konstruksie om 'n laag-/ mediumspanning netwerk daar te stel ten koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;

(f) dat die eienaar/ontwikkelaar verantwoordelik is vir die werklike kostes van die netwerk. Die ontwerp moet voor daar met enige werk begin word, goedgekeur word deur die munisipaliteit;

**D5 VULLISVERWYDERING**

(a) dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude perseel gehef word, en in die geval van besighede dat die tarief aangepas sal word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;

(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie geplaas word op oggend van verwydering;

**D6 KAPITALE BYDRAES**

(a) dat die eienaar/ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van water wat bepaal is deur die Weskus Distriksmunisipaliteit teen R9 256,00 (BTW ingesluit) per kiloliter jaarlikse gemiddelde daaglikse aanvraag (R9 256,00/kl AADD) vir elke nuutgeskepte eenheid ('n totaal van R9 256,00). Hierdie kapitaalbydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar 2011/2012 en kan hierna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7710;

(b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v grootmaatwaterdienste ten bedrae van R7 277,00 per nuutgeskepte eenheid ('n totaal van R7 277,00) gemaak word aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2011/2012 en kan hierna hersien word;

(c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v grootmaatriooldienste ten bedrae van R3 600,00 per nuutgeskepte eenheid ('n totaal van R 3 600,00) gemaak word aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar 2011/2012 en kan hierna hersien word;

6.4/...

(d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v strate en stormwater ten bedrae van R5 363,00 per nuutgeskepte eenheid ('n totaal van R5 363,00) gemaak word aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar 2011/2012 en kan hierna hersien word;

(e) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v. elektrisiteit gemaak word ten bedrae van R4 321,00 per nuutgeskepte eenheid ('n totaal van R4 321,00) gemaak word aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 83-34-86-00-6200 en is geldig vir die finansiële jaar van 2011/2012 en kan hierna hersien word;

**D7 ALGEMEEN**

(a) dat indien dit nodig sou wees om bestaande dienste op te gradeer ten einde die ontwikkeling van dienste aansluitings te voorsien, dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees.

**6.5 AFWYKING ERF 3531, MALMESBURY (15/4/2-8) (WYK 8)**

'n Bouplanaansoek is ontvang namens die geregistreerde eienaar W P Arahams op erf 3531 te Terpentynstraat, Malmesbury. 'n Onderdakstoep, motorhuis, buitegebou, afdakke, braaikamer, buitebraai asook die vergroting van die bestaande slaapkamer met 'n en-suite badkamer word voorgestel. Die voorgestelde onderdakstoep oorskry die 5m straatboulyn tot ±3,4m en die voorgestelde motorhuis, afdak en buitegebou oorskry die 2,5m syboulyn (noordelike grens) tot 0m.

Alle bouwerke soos voorgestel is reeds ongemagtig opgerig. Gevolglik word aansoek gedoen om afwyking op erf 3531, Malmesbury ten einde af te wyk van die 5m straatboulyn tot ±3,4m asook die 2,5m syboulyn (noordelike grens) tot op 0m.

**AANBEVELING**
(op voorstel van rdl M S I Goliath, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat die aansoek om afwykings op erf 3531, Malmesbury ten einde af te wyk van die 5m straatboulyn tot ±3,4m asook die 2,5m syboulyn (noordelike grens) tot op 0m, in terme van artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(a) dat die dakwater van die motorhuis, afdakke en buitegebou op erf 3531 ge-akkommodeer word;

(b) dat die buitegebou nie gebruik mag word as 'n tweede wooneenheid nie.

**6.6 SWARTLAND MUNISIPALE POLISIEDIENS: JAARLIKSE PLAN 2011/2012 (7/1/2/2-3)**

Die jaarlikse Munisipale Polisieplan van die Swartland Munisipale Polisiediens (SMPD) was op 17 Junie 2011 deur die Uitvoerende Burgemeester goedgekeur en is daar kennis geneem van die oogmerke en prioriteite van die SMPD soos daarin vervat.

Hierdie Polisieplan was volgens die SAPD-Wet na die Provinsiale Kommissaris van Polisie verwys vir sy goedkeuring, spesifiek ten opsigte van die misdaadvoorkomings gedeelte in die plan.

**BESLUIT**[2]
(op voorstel van rdl M S I Goliath, gesekondeer deur rdl A C Sedeman)

Dat daar kennis geneem word van die jaarlikse polisieplan vir 2011/2012.

**(GET) R F VAN DER WESTHUIZEN**
**VOORSITTER**

[2] Besluit gewysig – sien item 5.1.3(2) van die UBK-notule gedateer 15 September 2011